Geskryf Deur::

Henry Nel

Thyme Laan 120,

Annlin, Pretoria

0182

Tel. 0829318143

E Pos: henrynel001@gmail.com


Kopiereg Voorbehou

2024



# Lewende Waters Gemeente

## Groei in Christus!




# Lê 'n Onwankelbare Fondasie!

C1.

# Herbou Sy Huis!

# KEN GOD

# LÊ 'N ONWANKELBARE FONDASIE (C)

# KEN GOD!

## 1. Jesus - Ons Enigste Fondasie:

In *Deel 2* het ons gekyk na God se bloudruk tot verlossing. Noudat ons 'n goeie insig van God se oorspronklike bouplan t.o.v. ons verlossing het, kan ons met ons lewenskonstruksiewerk begin. Die eerste faset waaraan ons nou aandag moet gee in die opbou proses van ons geestelike lewe, is die vestiging van 'n stewige Bybelse fondasie.

In **Efe. 2:21-20** staan geskryf **"In wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is."** In **Hand. 20:32** bid Paulus die volgende woorde oor die die kerk in Efesiërs: **"En nou, broeders, dra ek julle op aan God en aan die woord van Sy genade, wat magtig is *om julle op te bou* en julle 'n erfdeel te gee onder al die geheiligdes."** As ons tot 'n heilige tempel in die Here wil verrys (geestelik groei), moet ons 'n behoorlike begrip van die fondament beskik waarna die apostels en profete en Paulus hier verwys. 'n Swak fondasie sal slegs 'n klein



**genote van God, gebou op die fundament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees".**

Ons persoonlike belydenis t.o.v. Jesus se identiteit, lê vir ons 'n vaste fondasie om ons geestelike lewe op te bou. Daar kan en sal nooit 'n ander fondasie wees, as Jesus ons Here nie!

In **Matt.7:24-27** tref jesus 'n vergelyking tussen 'n verstandige en 'n dwase man. Die verstandige mens maak seker sy huis se fondasie is op die Rots (Petra), wie Jesus self is. Die onverstandige mens bou sy huis op sand wat 'n wankelbare fondasie impliseer en ferm sê dat hierdie huis ineen sal stort as die storms van die lewe daarteen woed: "Elkeen dan wat na hierdie woord luister…**en dit nie doen nie** ….

…. **En sy val was groot".**

As ons ons lewenshuis vir God wil bou, moet ons seker maak dat ons fondasie op die "Rots" Jesus gegrond is. Dan sal die storms en sorge van die lewe nooit ons geestelike huis kan vern ietig nie!

**verse 22-24**: **"Alles is aan My oorgegee deur my Vader; en <u>niemand weet wie die Seun is nie</u>, behalwe die Vader, en wie die Vader is nie, behalwe die Seun en <u>hy aan wie die Seun dit wil openbaar</u>. En Hy het Hom omgedraai na sy dissipels en afsonderlik aan hulle gesê: <u>Salig is die oë wat sien wat julle sien</u>** (die Christus); **want Ek sê vir julle, baie profete en konings het gewens om te sien wat julle sien, en het dit nie gesien nie, en om te hoor wat julle hoor, en het dit nie gehoor nie"** - verwysende na die vleeswording van God.

iii. Derdens verklaar Jesus dat Hy Sy kerk op hierdie OPENBARING sal bou. Jesus is dus die Fondasie waarop Hy Sy kerk sal bou en die poorte van die doderyk <u>sal en kan</u> dit nooit oorweldig nie. In **Efe. 2:17-22** sê Paulus dat ons opgebou word tot 'n woning van God in die Gees: **" En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader. So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huis-**



swak struktuur kan dra. Die sterkte van die fondasie sal die gewig en die hoogte bepaal van die gebou wat daarop gebou word. As ons dus vir God wil uitstaan en hoë hoogtes in ons geestelike lewe wil bereik, moet ons toesien dat ons geestelike fondasie sterk en stewig is, anders sal ons met goeie intensies ons geestelike reis begin, om na die verloop van tyd uit te vind dat ons geestelike huis inmekaar tuimel wanneer die storms van die lewe daarteen uitbreek.

In enige konstruksie is daar twee aspekte wat uiters noodsaaklik is om die mure behoorlik volgens spesifikasie te bou; die gebruik van 'n skietlood en 'n riglyn (In ons moderne tyd: 'n Waterpas en 'n boulyn—penne en tou). Sonder hierdie twee items is dit feitlik onmoontlik om die mure reguit (horisontaal) en regop (vertikaal) te bou.

Net so sien ons dat God in Sy woord die volgende verklaring maak t.o.v. die kwaliteit van die *bouwerk* in ons lewe: **"Daarom, hoor die woord van die HERE, julle spotters, heersers oor hierdie volk wat in Jerusalem is! Omdat julle sê: Ons het 'n verbond met die dood gesluit, en met die doderyk het ons 'n verdrag aangegaan; as die golwende gésel deurtrek, sal hy na ons nie kom nie; want ons het die leuen**

**ons skuilplek gemaak en ons in bedrog weggesteek— daarom, so sê die Here HERE: Kyk, Ek lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is; hy wat glo, sal nie haastig wees nie. En Ek sal die <u>reg tot 'n riglyn </u>maak, en die <u>geregtigheid tot 'n skietlood</u>; en die hael sal die leuendak wegruk en die water die skuilplek wegspoel. En julle verbond met die dood (in Christus) sal uitgewis word, en julle verdrag met die doderyk nie standhou nie; as die golwende gésel deurtrek, sal julle deur hom vertrap word" (Jes 28:14-18).**

**<u>Dit bring ons by die vraag</u>**:

Wat is God se voorgeskrewe fondasie vir ons geestelike lewe?

Die vertrekpunt van hierdie vraag is **1 Kor. 3:11**: **"Want niemand kan 'n <u>ander fondament</u> lê as wat daar gelê is nie, <u>dit is Jesus Christus</u>"** Die apostel Petrus bevestig hierdie woorde in **1 Pet. 2:6: "Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie.** Die skrif waarna Petrus hier verwys vind



## 2. Die Noodsaaklikheid vir 'n Persoonlike Openbaring:

In Jesus se stelling nadat Petrus Hom geantwoord het, is daar *drie* belangrike dinge wat ons leer:

i. Dit is noodsaaklik en vir Jesus belangrik dat ons weet wie Hy werklik is. Vir Petrus was daar nie 'n uitkomkans nie. Nadat die ander apostels vir Jesus gesê het wie die mense dink hy is, vra Jesus hulle of hulle sekerheid het oor Sy identiteit. Op hierdie vraag antwoord Petrus dat Jesus die lank verwagte Messias/Christus is.

ii. Die tweede aspek wat ons hier sien, is die feit dat God onmiddellik en op 'n bonatuurlike wyse betrokke raak wanneer ons bely dat Jesus die Christus en Verlosser is. Na Petrus se verklaring m.b.t. Jesus se identiteit, sê Jesus vir hom dat hy hierdie insig direk van God self ontvang het,.omdat vlees en bloed dit nie aan hom geopenbaar het nie, maar Sy Vader wat in die Hemel is.

In **1 Kor. 12:3** sê Paulus: **"Niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees"** Ook verklaar Jesus die volgende m.b.t. Sy identiteit in **Luk 10**

leiding van God se Gees die volgende proklamasie maak: **"Die HERE is my *rots* en my bergvesting en my REDDER; my God, my *rots* by wie ek skuil; my skild en die horing van my heil, my *rotsvesting."*** In **Ps 62:3, 7-8** sê Dawid verder: **"Hy alleen is my *rots* en my heil, my *rotsvesting*; ek sal nie grootliks wankel nie. Seker-lik, Hy is my rots en my heil, my *rotsvesting*; ek sal nie wankel nie. By God is my heil en my eer; die *rots* van my sterkte, my toevlug is in God."** Hier sien ons hoe Dawid die woorde ROTS/ ROTSVESTING en REDDER/HEIL in konteks saam gebruik. Die woord "rots" wat hier in die Hebreeuse taal gebruik word beteken: "Block of stone/boulder" wat duidelik dieselfde impliseer as die Griekse woord: PETRA!

Ons sien dat Petrus hierdie onduidelikheid m.b.t. sy naam en die rol wat hy in die kerk sou speel baie duidelik in **Hand. 4:12** aanspreek: **"en die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie."** Weereens is die Bybel baie duidelik dat daar net een naam is waardeur ons as mens gered MOET word, en dit is die NAAM van JESUS!



ons in **Jes. 28:16: " Daarom, so sê die Here HERE: Kyk, Ek lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoek-steen wat <u>vas gegrondves</u> is; hy wat glo, sal nie haastig wees nie"** In die King James vertaling is die woord "grondsteen" vertaal met die woord ***"foundation."*** Daar is dus 'n duidelike ooreenkoms tussen die Ou en Nuwe Testament dat Jesus Christus die ENIGSTE WARE geestelike fondasie is. Geen konstitusie of kerk of denomi-nasie of enige ander persoon of organisasie kan die fondasie wees nie.

In **Matt. 16:13-18** vind ons 'n gesprek tussen Jesus en Sy dissipels: **"Toe Jesus in die streke van Cesaréa-Filippi kom, vra Hy sy dis-sipels en sê: Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is? En hulle antwoord: Sommige Johannes die Doper, en sommige Elía, en ander Jeremia of een van die profete. Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is. En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en *op hierdie rots***

**sal Ek my gemeente <u>bou</u>, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie."** Met verwysing na hierdie woorde wat Jesus teenoor Petrus uiter, is daar kerkorganisasies soos die Katolieke kerk wat glo dat Jesus hier na Petrus as die "ROTS" verwys, aangesien Petrus die Apostel was wat die kerk in die eerste paar jaar na die uitstrorting van die Heilige Gees gelei het.

In die Grieks is dit noodsaaklik om daarop te let dat Jesus twee woorde met ooreenstemmende betekenis hier gebruik. Die naam Petrus word in Grieks vertaal as **"Petros"** wat letterlik 'n "deel/ fragment van die rotsmassa simboliseer. Die rots waarna Jesus hier verwys is die woord **"Petra"** wat rotsmassa/groot rots beteken. Die redenasie dat God Sy kerk op 'n "afsplitsel van die rots" sal bou, is voordiehandliggend onvanpas en kan dus nie die bedoeling van Jesus hier gewees het nie. Die rots waarna Jesus hier verwys is die woorde of die openbaring wat Petrus hier direk van God ontvang het, nl. **"U is die Christus, die Seun van die Lewende God."** Petrus se openbare belydenis dat Jesus die GESALFDE Verlosser-Seun is, wat gebore sou word, is die "PETRA/ROTS" waarop Jesus Sy kerk sal vestig.



Die verloop van die verhaal bevestig hierdie feit verder. Slegs enkele dae/oomblike nadat Jesus vir Petrus geprys het omdat hy insig in Jesus se identiteit deur openbaring ontvang het, bestraf Jesus die duiwel wat deur Petrus God se RAADSPLAN wou verydel. Ons lees in **Verse 21-23** die volgende: **"Van toe af het Jesus begin om sy dissipels te toon dat Hy na Jerusalem moes gaan en veel van die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes moes ly, en gedood en op die derde dag opgewek word. Toe neem Petrus Hom opsy en begin Hom bestraf en sê: Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie! Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense."** Hier sien ons die swakheid/niksseggendheid van Petrus die "klippie" teenoor Christus die "Groot Rots." Indien daar enige hoogmoed en valse verwagting by Petrus was t.o.v. sy persoonlike uitverkore rol wat hy in die ontstaan van die kerk sou speel, het hierdie gebeure die swakheid van sy vleeslike rol en menslikheid aan die lig gebring.

Die enigste ROTS/FONDASIE waaarop ons ons Christelike lewe MOET bou, is Jesus self. Dit is hoekom Dawid in **Ps. 18:3** onder die